# IN DIE KLOUE VAN KAMERAAD KRISTOF

★ ★ ★

Henk Human Reeks (5)

★ ★ ★

Jef van Staden

Henk Human het lanklaas 'n moeiliker probleem gehad om op te los. 'n Wetenskaplike by ons weerstasie ontdek 'n instrument wat Suid-Afrika beheer gee oor die weer van die wêreld.

Hoe Rusland daarvan tehore gekom het, bly 'n geheim maar Henk Human moet al sy talente gebruik om hierdie wonderlike instrument uit die Russiese spioene se hande te hou.

En die Rooikop nooi was sy grootste vyand. U sal hierdie verhaal geniet.

## INHOUD


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Grove se Geheim | 5 |
| 2. | Bom oor die Telefoon | 14 |
| 3. | 'n Rooikop Nooi | 19 |
| 4. | „Ek Sal Praat" | 33 |
| 5. | Voorgekeer | 42 |
| 6. | Eers Grove, dan Human | 47 |
| 7. | Slag in die agterbuurtes | 55 |
| 8. | Nog teëspoed | 62 |
| 9. | Op heterdaad betrap | 66 |
| 10. | Saam met Kameraad Kristof | 73 |
| 11. | Human slaan terug | 83 |
| 12. | Noodlanding in die berge | 89 |
| 13. | Kristof trap vas | 94 |
| 14. | Lang terugtog | 98 |
| 15. | Laaste oomblikke | 105 |


Hoofstuk 1

## GROVE SE GEHEIM

„VANAAND," sê Henk Human en hy lek sy lippe, „gaan ek my tiervelpantoffels aantrek, op die stoep sit dig teen jou en dan gaan ek insak in die soutribbetjie en die lang, yskoue bier en . . ."

„Dis 'n afspraak Henkie . . . en die maan is nog vol ook."

Hulle staan albei op die punt om te vertrek. Die lang skaduwees sny breed oor die teer by Aasvoëlstraat 13, Pretoria. In Henk se smal kantoortjie op die vierde verdieping het hy reeds sy driebeenstoel onder die lessenaar ingestoot. Hulle staan deur se kant toe.

Hy maak die deur vir haar oop en sy hand rek na die skakelaar. Dan bly hulle net so staan. Want in die lang gang af, nog 'n twintig tree weg, gaan dit of daar 'n wilde ponie aan die kom is en dit gaan of al die ongediertes van die sandvlaktes kort op sy hakke is.

Die lig in die gang is flouerig maar Henk kyk skerp en dan sien hy hom. Henk staan langs Elsa en hulle sien dat die klein mannetjie reg op hulle afstuur. Hy draf-stap en hoewel hy nog jongerig is, net so oor die dertig, lyk dit vir Human, hyg hy na asem soos 'n bergklimmer wat worstel met die laaste steiltes van Everest.

Voor hulle stuit hy vas. Sy mond val oop maar voor hy iets sê ruk hy sy kop om en kyk eers goed in die gang af soos hy gekom het.

„Meneer . . . Human . . . is, jy . . . meneer Human?" hyg hy.

„Ek is, en dit is mej. Elsa Enslin. Wat is jou haas . . . dit lyk of daar 'n vuilbaard op jou spoor is!"

Die mannetjie ruk sy bleskop weer om en kyk in die gang af.

Dan stamel hy : „Ek is Hans Grove . . . Laat ons asseblief in jou kantoor gaan, asseblief."

Henk en Elsa staan opsy en Hans Grove steier die kantoor in. Hy vou sommer op die naaste stoel wat hy kan bykom op. Hy is so bleek dat Henk vrees Grove gaan flou word.

Henk trek vir homself 'n stoel nader en kom sit by Grove. Elsa sit op die kant van die lessenaar. Stadig lig Grove sy kop, sy voorhoof lyk so gegolf soos 'n sinkplaat en sy skouers hang vooroor.

„Wat gaan aan meneer Grove?" vra Henk. Grove se verlepte lig bruin oë spring rond.

Grove hou sy oë vir 'n tiende van 'n sekond op die deur van Human se kantoor. Dan kruip die vrees dik oor sy bleek gelaat.

„Is die deur . . . hulle . . . *Stella* . . . die Metkon . . . waar is . . . ek? Is jy Human, privaat speurder . . . ?"

En Grove se gedagtes waai soos 'n papiervlieër wat in 'n swart suid-oos-wind, beland het.

„Wat is op jou hart, ou maat?" vra Henk en hy skuif sy stoel nader na Grove toe.

„Hart . . . hart . . . hart op die hol . . . my maat, my maat, almal is teen my! Is jy ook teen my, Human?" vra hy en kyk vir Henk of hy 'n opstopper verwag.

Grove kom vinnig orent. Sy kort skraal liggaam lig reeds uit die stoel en Human sien as hy nie hier ingryp nie, kom daar van daardie vergesig van die soutribbetjie ensovoorts niks tot reg nie.

„Sit in die stoel, Grove," beveel hy. Grove kyk hom aan en vir 'n oomblik straal diepe dankbaarheid oor sy hele gesig uit dat iemand hom onder beheer neem.

Maar hy sit skaars of hy ontplof 'n tweede keer. „Hulle vervolg my . . . ek word kranksinnig, weerligstrale slaan my, haelstene so groot soos bakstene . . . teen my . . . kop . . . *eina* . . . " Hy gryp met albei hande na sy kop.

Henk stoot 'n lang arm uit en hy plaas sy hand op Grove se



tengerige skouerknop. Met die ander hand haal hy sy vulpen uit sy binnebaadjiesak. Hy hou dit voor Grove se gespanne gesig. Grove hou sy aandag so 'n oomblik op die pen en dan dwaal dit weer.

„Kyk na daardie pen," beveel Human. Grove ruk effens so stoot Human se woorde deur sy kop. Dan kyk hy.

„Vat hom," sê Human. Grove se klein wit handjie kom onseker op en dan vat hy aan die pen of daar gif aan gesmeer is.

„Dankie," sê Human.

„Gee hom vir my," gaan hy verder.

Grove stoot die pen deur die lug asof dit 'n tien-ton padskraper is en Henk vat dit.

„Wat gaan nou aan, wat die drommel, dink jy, doen jy nou?" vra Grove en hy trek sy baadjie effens reg en sit regop. Hy lyk nou vies.

„Ek gee vir jou 'n pen," antwoord Human en hy stoot weer die pen oor na Grove.

Grove gryp die pen, kyk daarna en gee dit dadelik aan Human terug.

„Genoeg daarvan," skreeu Grove. Sy skril stem eggo agter in die hoek van die kamer vas. „Ek het nie hierheen gekom om met penne te speel nie, ek . . wil."

„Dankie," antwoord Human, „nou val sommer by die begin weg en vertel my die hele verhaal."

Grove sit klaar om te begin maar dan verander hy blitsig van plan. Hy wip uit die stoel en saag deur die kamer na die venster toe. Hy ruk die gordyn opsy en hang ver oor die vensterbank soos hy beur om uit te kyk.

Henk spring agterna. Hy voel nie lus om vanaand met 'n selfmoordgeval te spook nie. Hy gryp Grove aan sy baadjie. Grove staan terug.

„Wil jy uitspring?" vra Human. „Dink jy dis hoog genoeg of wil jy my eers jou storie vertel voordat jy die groot stap doen?"

„Ek wil jou vertel . . . Ek wil nie my lewe neem nie . . . Ek kyk net of hulle my nie agtervolg nie."

„Wie," vra Henk, „is *hulle !*"

Dis kompleet of jy Grove 'n hou met 'n gesel oor die naakte blaaie gee.

„Hulle, hulle, ek mag nie praat oor hulle nie . . . Ek durf nie, dan is dit klaar met my."

„Wat durf jy doen en oor wie mag jy praat?" vra Human en hy wys vir Elsa om vir hom 'n rookding aan te gee. Sy maak so en Henk sit voor die klein mannetjie.

„Ek is 'n wetenskaplike," begin hy, „by die Weernavorsingstasie hier buite by Penildaba."

„Ek weet waar dit is, Grove," sê Human, „Vertel maar verder."

„Kyk, meneer Human, jy moet sweer dat wat ek hier sê net tussen ons gaan bly. Ek sit hier om jou hulp te vra. Maar ek mag nie hier wees nie."

„Neem so aan, ek het beheer oor my tong, behalwe as ek Nuwe Jaar vier."

„Ek het 'n groot . . ." Skielik kyk Grove na Elsa. „Die dame," vra hy vir Henk, „kan ek maar voor haar praat?"

„Jy kan," verseker Human.

„Nee, ek kan nie, ek praat nooit weer voor dames nie . . . met hulle spinnekopharte . . . nee, nooit weer nie." Vir Human lyk dit of daar 'n nuwe uitbarsting aan die kom is.

„Sy is my assistente," sê Human kalm, „op kantoor . . . by die huis is dit anders . . . maar as jy nie lekker voel terwyl sy aanwesig is nie . . . Ek is seker sy sal nie omgee . . ."

„Gladnie," antwoord Elsa, „ek sal nou laat vat."

„Dankie, Elsa," sê Human, „ek sien jou netnou en onthou die ribbetjie . . ."

„Ek sal," sê sy en glip by die deur uit. Grove wag net totdat sy goed weg is. Dan val hy weer weg.

Grove is nou 'n hele ent kalmer. Hy steek 'n bruin pypie op met 'n lang steel en trek kort skuifies rook daaruit.

„Ek het 'n groot ontdekking gemaak, Human," vervat hy. „Dis 'n rewolusionêre ontdekking. Maar soos met alle groot ontdekkings kan jy dit vir goeie of vir slegte doeleindes gebruik."

„Wat is dit presies wat jy ontdek het?" vra Human.

„Ek *kan* jou nie presies sê nie, meneer Human, dis net eenvoudig te gewaagd. Jy lyk vir my 'n betroubare man, maar selfs in hierdie omstandighede durf ek nie daaroor praat nie."

„Kragtie, is daar iets waaroor jy mag praat sonder dat dit gevaarlik is?"

„Ek sal dit sover waag, meneer Human. Ek sal die ontdekking *Metkon* noem."

Hy het net die woord „*Metkon*" oor sy lippe of Grove vlieg weer uit sy stoel en storm na die venster. Hierdie keer laat Henk hom begaan. Hy sien die klein liggaampie rek weer ver uit die venster en oomblikke later sak dit terug.

„Wat sien jy, Grove?" vra Human.

„Sjuuut . . . ek mag nie sê nie."

„Kom sit en vertel my van jou eerste liefde, Grove. Daaroor mag jy seker gesels. Of moet jy eers haar toestemming gaan kry as sy nog op die planeet is?"

Grove val weer in sy stoel en vroetel in sy sak met sy vingers na vuurhoutjies. Hy kry die verslete pyp aan die brand.

„Liefde," snork hy, „dis nou een sakie wat jy nie met my ter sprake moet bring nie . . ."

„Het sy jou . . . ?"

„Meneer Human, los *asseblief* daardie sake . . . die planne vir die Metkon is gereed. Dis uitsluitlik my werk. Ek het die formules uitgewerk. Ek het reeds afdoende proewe gedoen om seker te maak dat my uitvinding skitterend gaan werk."

„Veels geluk, ek hoop jy kry 'n lang vakansie plus 'n bonus . . . want jou senuwees is oor die muur."

„Hulle is nie net oor die muur nie . . . Ek is ook."

„Wil jou uitvinding dan ontaard in 'n monster of wat die deksel gaan nou eintlik aan?"

Grove trek sy stoel nader na Human toe. Hy kyk weer 'n slag na die deur, na die venster en dan vir Human.

„Ek het feitlik alleen byna dag en nag in my laboratorium gewerk by Pelindaba," sê Grove. „Ek het 'n yslike brandkas in die een muur van die laboratorium laat bou en net ek het die sleutels daarvan. Die formules is byna uitsluitlik in matematiese vergelykings neergeskryf; die strengste veiligheidsmaatreëls is gedurig toegepas. En tog . . ."

„Tog wat . . .?"

Grove se gesig is weer oortrek van vrees. Hy stoot die pypie vinnig in sy baadjiesak in.

„En tog het iemand agtergekom dat ek die ontdekking gemaak het."

„Hoe weet jy dit?" vra Human.

Dis asof pyn nou die vrees op Grove se gesig in een blitsige oomblik vervang. Hy maak sy oë toe en sy kop val half agteroor.

„Omdat iemand besig is om my af te pers, daarom weet ek dit."

„Hoe doen hulle dit?"

„Ek het reeds twee dreigemente ontvang . . . albei oor die telefoon. Een keer by die Navorsingstasie self en een keer in my woonstel in die stad."

„Is dit 'n man se stem?"

„Ja, 'n stem wat klink soos die stem van 'n weerwolf. Dis kompleet of ek die slagtande aan my nek voel as daardie stem oor die telefoon met my praat."

„En wat presies sê die weerwolf?"

Grove laat sy geheue loop. En dis dan of hy 'n mokerhou op die maermerrie met 'n koevoet kry so realisties herroep hy die ongure telefoon-dreigemente.

„Hy praat stadig. Dis asof hy elke woord in my wil vas brand. En hy slaag ook. Want vandat hy aan die gang is met my is dit net verniet, ek kan nie slaap nie, ek kan nie werk nie en die afgelope twee dae het ek nog net een koppie swart koffie en twee sardientjies gebruik."



„Maar wat wil die blikslaer nou eintlik van jou hê?" vra Henk.

„Hy wil die planne en die formules hê om Metkon te bou. Ek dink hulle weet reeds wat met Metkon gedoen kan word en volgens sy houding gaan hulle die aarde uit sy baan verskuif om my ontdekking in die hande kry."

„Het hy gesê waar hy die planne afgelewer wil hê en wanneer?"

„Nog nie, maar die laaste keer, dit was gisteraand in die woonstel, het hy gesê dat hy my binnekort sal sê waar ek dit moet aflewer. Ek meen dit kan nou enige oomblik wees, dalk nog vannag."

Henk kyk by die venster uit. Hy sien die skemer begin net te vat. Die gebou is stil. Hier op die verdieping waar hy en Grove nou is is daar geen ander mense nie.

Hy kyk na die klein mannetjie. Die kêreltjie lyk darem nou effens bedaard maar dis duidelik dat hy kapot is.

„Kyk meneer Grove," sê Human, „soos ek die posisie sien lyk dit nie vir my of jy werklik 'n probleem het nie."

„Nie 'n probleem nie?" skreeu Grove, „Wat bedoel jy daarmee? Ek sit in die grootste knyp. Ek weet nie watter kant toe nie."

„Wat ek bedoel is dit : Hier kom vertel jy my dat iemand wat soos in weerwolf klink jou kasty oor die telefoon oor jou Mekton-ontdekking, wat dit ookal mag wees. Jy sê jy ly so as gevolg van die dreigemente dat jou hele lewe ontwrig is . . . Maar jy vergeet een belangrike punt."

„Wat is dit?" vra Grove vinnig.

„Daar is 'n speurdiens in die land en daar is 'n polisiemag. En sover ek weet hou ons mense nie baie van afpersers nie. Dis 'n praktyk wat elders in die wêreld floreer maar hier by ons verongeluk die polisie sulke skepsels sommer gou-gou."

Grove se hele liggaam ruk asof hy 'n elektriese skok gekry het. Hy wip uit die stoel wat agteroor slaan. Hy begin tru te

staan totdat hy met sy rug teen die muur vasloop. Sy oë staar verwilderd na Human.

„Ek durf nie na die polisie gaan nie, meneer Human. Dis heeltemal buite die kwessie. Moet dit nie eers noem as 'n moontlikheid nie," pleit hy.

Henk staan ook op. Hy tel die stoel op en laat dit weer reg op sy pote staan.

„Kom sit, meneer Grove," nooi hy. „Dan vroetel ons bietjie verder. Jy begin my nou regtig te prikkel. Ek het 'n plan gehad om vanaand stil deur te bring . . . maar dit lyk my dis van die baan."

Grove kom huiwerig terug na die stoel. Hy sit en vee die sweet van sy voorkop af.

„En presies hoekom, Hans Grove, wil jy nie na die polisie gaan nie? Al wat jy behoort te doen is om die direkteur van die Navorsingstasie in kennis te stel van die weerwolf-vent wat jou dreig en die direkteur kan op die plek 'n span speurders op sy spoor sit. Dan is jou hele moeilikheid agter die rug en kan jy met jou Metkon voortgaan."

„Meneer Human, asseblief. Ek het jou gevra om nie eers daardie moontlikheid te noem nie?"

„*Hoekom nie?*"

Grove se kop spring links en hy spring regs. Hy kyk na die venster en hy kyk na die deur. En om seker te maak draf hy na die deur, maak dit op 'n skrefie oop en loer uit. Dan stoot hy dit weer toe. Hy kom stadig terug.

„Vir die eenvoudige rede dat die weerwolf-man te veel van my af weet," antwoord hy en dit lyk of hy 'n berg op sy twee smal skouers omhoog hou.

„Ek sien," antwoord Human. „Hoe het hulle die dinge omtrent jou agtergekom?"

„Meneer Human, ek wens ek het geweet. Maar die eerste keer toe die weerwolf my gebel het, het ek hom uitgelag toe hy vra dat ek die planne moet gereed kry vir oorhandiging aan hom. Ek het gedink dis sommer pure bluf. Maar dis toe dat hy



vir my sê wat hy vir my gesê het en toe het ek geweet dat hy dinge van my weet wat ek nooit aan die lig gebring wil hê nie."

Grove is nou so ontwykend dat Henk moeilik kry om sy aandag op die punt te hou. Hy bly in sy stoel rond skuif en dan kyk hy weer na die deur en die venster.

„Die weerwolf het jou natuurlik nie gesê nie, Grove, maar het *jy* 'n idee hoe hulle die geheim omtrent jou uitgevis het?"

„Nee, wat my betref het ek gedink dat daar net een ander persoon is wat daarvan weet. Maar nou lyk dit nie meer so nie. Ek weet nie wat uitgelek het nie. As die polisie dit moet te hore kom sal ek braai."

„Wie is die een persoon wat jy van praat?"

„Dis 'n vroumens . . . dis al wat ek wil sê."

Henk staan op. Hy vervies hom vir die hele geheimsinnigheid wat Grove aan die dag lê. Hy steek 'n sigaret aan, dan swaai hy vinnig terug na Grove.

„Kyk, meneer Grove," sê hy, „volgens ek die posisie hier nou op hierdie oomblik waarneem is jy 'n man wat klei trap. Om die waarheid te sê jy sit tot by jou keel in die klei. Dis volgens die storie wat jy my vertel, geoordeel. Ek weet nie of jy sommer storie nie. Dis jou saak."

„Dis die waarheid, meneer Human, dis nes ek jou vertel het."

„Nou goed. Ek neem dit so aan. Maar wat het jy nou eintlik hier by my kom soek?"

Grove kyk verleë na Human. Hy staan ook op en stoot die yl haartjies oor sy kop reg.

„Meneer Human, die man wat my twee keer gebel het, het gesê hy werk vir Kameraad Kristof."

„Kameraad Kristof? Wie die swernoot is die kreatuur?"

„Hoe moet ek weet?"

„Nou dit daar gelaat . . . jy het nog nie my vraag geantwoord nie. Ek gaan dit herhaal."

„Wat is die vraag?"

„Wat kom soek jy hier by my?"

„Ek wil hê jy moet daardie weerwolf, soos ons hom nou maar